


# Gesprekspalet

**Saam met God**

> *Die groot Kunstenaar nooi ons om saam met Hom te skilder…*

**1 Maart 2026**

## Lewensoorgange

### Ons word voorgestel aan vandag se palet (inleiding)

Ons lewensreis is vol mylpale. Van geboorte af, ons eerste tree, woord of selfstandige fietsry... deur tot drome wat 'n werklikheid geword het, aftrede... tot die dood (*en daarna*). Hierdie mylpale waarby ons verby reis, lei ons baie keer na 'n volgende fase of verandering in ons lewe . Ons noem hierdie mylpale, "lewensoorgange". As jy terugdink oor jy jou lewe, deel met die groep watter lewensoorgange 'n groot invloed op jou lewe gehad het. Doen dit deur die volgende vrae:

- Vertel ons watter lewensoorgange wat in die **verlede** lê, 'n groot invloed in jou lewe gehad het.
- Met watter lewensoorgang is jy **tans** besig?
- Na watter lewensoorgange sien jy in die **toekoms** uit? Hoe dink jy gaan dit jou lewe verander?

### Ons sien die kleure op die palet – ons luister na God wat ons saamnooi.

**Lees Johannes 11 (vers 13-44 kan as fokus gebruik word, maar lees verkieslik die hele hoofstuk)**

Ons gesprek begin deur **na God te luister**. Ons glo dat God die sonlig is en dat Sy lig deur die loodglasvensters van die Bybel op ons lewens val. Ons gaan die Bybelteks een keer saam deurlees. Met die eerste lees probeer ons doodgewoon om kennis te neem van die inhoud. Met die tweede lees onderstreep ons die **woorde of gedagtes wat vir ons uitstaan**. Wat is die groot temas van hierdie teks en wat wil die teks vir ons ten

diepste sê? Deel dan met mekaar wat vir julle uitstaan. Wat praat tot jou hart? Waaroor het jy nie duidelikheid nie?

**Laat 'n kind (indien daar een is) die teks 'n tweede keer lees.**

## Die kleure waarmee ons werk (teologiese agtergrond)

Johannes maak van baie humor in sy evangelie gebruik *(hy is die skrywer met die beste humorsin)*, en ons sien dit weer hier. Lasarus is so siek dat sy susters Martha en Maria baie bekommerd is dat hy gaan sterf. Die gemiddelde lewensverwagting in die 1ste eeu n.C. was tussen 20-30 jaar gewees. Slegs 5/10 kinders het oorleef en as jy jou kinderjare oorleef het, het jy dalk tussen 40-60 jaar oud geword. Dus kon 'n siekte jou lewe bedreig en hulle het die tekens geken.

Dit sou van 'n goeie vriend soos Jesus verwag word om so gou as moontlik by sy vriend uit te kom, maar Jesus vertraag die reis na Betanië opsetlik. Jesus wou nog in Sy publieke optrede een laaste teken ("wonderwerk") verrig sodat die mense kan glo.

Daar was 'n ander probleem ook met die plek waar Lasarus gewoon het. Betanië was slegs 3 km van Jerusalem af, by die hoofsentrum van die Joodse raad. Dieselfde mense wat Jesus vroeër wou doodmaak is slegs 3 km weg... dit is soos 'n selfmoordpoging om terug te gaan daarheen. Daarom dat Tomas sê:

> 16*Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels:*
> *"Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe*. (vers 16)

Jesus, wat die Opstanding en die Lewe is, wil dit juis wys. Daar is geen beter plek om dit te doen as by die begrafnis van Lasarus nie. Die einste Joodse leiers is ook in die dorp en huis van Martha en Maria, om hulle te troos en te begelei. Deel van Johannes se humor is dat Martha vir Maria gaan roep in die teenwoordigheid van die Joodse leiers wat Jesus wil doodmaak.

## Ons meng die kleure – ons luister na mekaar

**Eerste vraag betrek die kinders** - Wat dink jy wou Jesus vir ons wys of vertel deur Sy goeie vriend Lasarus uit die dood uit op te wek? (vers 4)

- Watter *humor* of *ironiese* oomblikke tel jy in die teks op? (Te midde van 'n ernstige situasie)
- Watter groot risiko het Jesus geneem om terug te gaan na Betanië? Wat sê dit vir jou hoe Jesus oor die lewe dink?
- Die feit dat die vroeë kerk en Jesus aan die opstanding uit die dood glo – wat sê dit vir jou hoe God oor die lewe dink wat Hy hier en nou vir ons gegee het?

## Die prentjie van my wêreld tuis

William Wallace se woorde in die film Braveheart (1995) sal ek nooit vergeet nie: ***"Every man dies. Not every man really lives."***

- **Eerste vraag betrek die kinders** - God het vir jou lewe gegee - wat alles is vir jou lekker van die lewe wat God vir jou gegee het?
- Hoeveel mense dink jy dink oor die "dood" as die laaste mylpaal van die lewe? Hoe dink Jesus daaroor?
- Hoe ontvlug mense op verskeie wyses die werklikheid van hierdie lewe? Hoe sou hulle dalk anders dink oor die lewe wat God gee, as hulle Jesus se woorde in Johannes 10:10 vir vandag ernstig opneem?

## Ons maak ons vingers vuil (God stuur ons)

God stuur ons om saam met Hom hierdie wêreld kleur te gee deur dit waarvan Hy ons in die gesprek bewus gemaak het.

- Wat beteken dit vir jou om te lewe en vanuit die opstanding te lewe? ('n werklikheid eendag, maar ook nou).

## Ons bid saam

Hier hoor ons bymekaar waarvoor ons vir mekaar kan bid (ook deur die loop van die week).

Ons word **stil**... in die stilte praat ons met God oor iemand vir wie ons graag voorbidding wil doen.

Ons sluit af deur saam in die groep te bid...

- Deur God te dank vir die lewe, kom ons noem die elemente van die lewe op waarvoor ons dankbaar is in die groep en dank God daarvoor!